23 Augustus 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 104:1,9,14; Ps. 104: 20,21; Ps. 105:22,23; Ps. 46:1,6; Ps. 34:1,4,6.

Lees: Heb. 6:9-20.

Teks: Heb. 6:10-12

Tema: Die regverdige God gee ag op sy kinders sodat hulle erfgename van sy beloftes kan wees.

Die regverdigheid van God

By die bediening van die Nagmaal word ons versterk met wat die Here vir ons gedoen het deur die versoeningswerk van Christus. Ons kon smaak dat die Here vir ons goed is en nou word ons opgeroep om in die geloof te volhard en in gehoorsaamheid Hom te verheerlik. Soms voel dit vir ons of die goeie wat ons doen nie werklik die moeite werd is nie, want ons sien nie die vrug daarvan nie. Die Here in sy regverdigheid sien egter die goeie wat ons doen, juis omdat ons in Christus is en leef en deel het aan sy goeie en volmaakte werke.

Die ywer van die gelowiges

In die Nagmaal word ons versterk om met ywer te volhard om die goeie te doen. Die Hebreër prediker bevestig aan die gelowiges dat hulle in hulle liefde tot God en in hulle liefde en diensbaarheid moet volhard. Hierdie liefde word nie net sigbaar in medemenslikheid nie, maar deur hulle liefde aan mekaar te betoon word die liefde wat hulle vir die Here se Naam het sigbaar. Dit is ‘n roeping en ywer waarin hulle moet volhard tot die einde toe. Die ywer wat daar vir die Here is moet met dankbaarheid en entoesiasme uitgeleef word.

Die sekerheid van die beloftes

Terwyl die gelowiges met entoesiasme volhard tot die einde toe en die onderlinge liefde na mekaar uitleef, verseker die Here hulle met die beloftes van sy evangelie. Die Here is getrou aan sy beloftes en verseker ons daarvan in die gebruik van die sakramente. Christus is die volmaakte Middelaar wat vir ons versoening bewerk het. Daarom kan ons sy naam groot maak en Hom in alles eer.

Aanddiens

Sing: Ps. 107:1,10; Ps. 31:13,17; Ps. 139:1,12.

Lees: Heb. 2:1-18; Son 52v 127

Teks: Heb. 2:18

Tema: God sal ons in ons swakheid te hulp kom om teen alle versoekinge staande te bly.

Die realiteit van versoeking

By die behandeling van die sesde bede is dit belangrik dat ons sal verstaan wat versoeking is en hoekom ons bid dat die Here ons nie in versoeking lei nie. Versoeking het die doel om iemand te verlok om kwaad te doen, soos wat die Satan poog om die kinders van die Here tot ongehoorsaamheid te verlei. Die aanslag wat die gelowige beleef word van drie kante geloods, naamlik die Satan en sy bose magte, die sondige wêreld en ons eie sondige natuur. Die gelowige moet altyd bewus wees van hierdie aanslag en nie reken dat hy alleen staande kan bly nie. Daarom bid ons die sesde bede.

Die verlossing uit versoeking.

In die lig van die verlossingswerk van Christus bring die sesde bede geweldige troos vir ons, wanneer ons in die midde van die stryd staan. In die Hebreër brief word Christus as die vervulling van die Ou Testament verkondig. Hy is meer as die engele en het aan die eis van die Vader met ‘n volmaakte gehoorsaamheid voldoen. Hy het die versoekings van Satan in die woestyn deurstaan sodat ons nou van hierdie geweldige aanslag van die duiwel verlos kan wees. So is die sesde bede nie net ‘n bede dat ons verlossing nodig het nie, maar ook ‘n belydenis dat ons verlossing in Christus ontvang het.

Die oorwinning oor versoeking.

Ons sondige natuur, die sondige wêreld en die Satan met sy bose magte is gedugte vyande vir die kinders van die Here. Tog kan ons seker wees van die verlossing en oorwinning wat aan ons gegee is deur die verdienste van Christus. Hy het ons verlos, maar ons bid steeds in afhanklikheid voor die Here dat ons hoe langer hoe meer in hierdie oorwinning sal deel. So seker as wat die oorwinning is so seker sal ons in die krag en die genade van die Here staande bly.